**AREA VERSLAG VAN AREA 3: UB: ELIZE PIETERS:**

Ankervrou.

Iemand het eenkeer gesê dat geen wilgerlat op'n plaas sal deug as 'n ankerpaal nie, bedoelende 'n wilgerlatlyfie. Nee, 'n anker is iets sterk en standvastig.

Almal van ons, soos ons hier sit, is Ankervroue. Jy anker jou gesin, in jou ouers se gryse ouderdom is jy hulle anker, in ons gemeenskappe, in ons kerke en jy is of was ook jou man se anker. Om 'n anker te wees is 'n baie verantwoordelike taak wat ons nie alleen kan doen nie. Ons het ook 'n anker nodig.

Joyce Meyer se gebed is vir ons almal: "Vader, ek hoop op U. My vertroue in U en die verwagting van die groot dinge wat U in my lewe gaan doen, is my anker in moeilike tye". Om 'n ware ankervrou te wees is daar net Een persoon in wie jy jou vertroue kan stel en op wie jy jou hoop kan plaas.

Area 3 bestaan uit 7 takke met 128 lede. Ons area sluit 3 takke in Bethlehem in en ons buurdorpe, Reitz, Daniëlsrus, Kestell en Fouriesburg. Vanaf 1 Maart 2025 tot 28 Februarie 2026 is daar 4 takke wat hulle 95ste bestaansjaar vier, nl Daniëlsrus, Kestell, Waterbron en Asrivier. Voorwaar 'n mylpaal jaar.

Ongelukkig gaan ons in die jaar, ons gasvrou tak van vandag, verloor weens ouderdom. Die dames van Bethlehem-Kosmos het besluit om hulle ankers te laat sak.

Al die tema's van VVLU word deur die takke behartig. Interressante vergaderings en demonstrasies word aangebied. Die dames hou ook daarvan om uitstappies te onderneem. Tak kompetisies is aan die afneem. Alles maar weens hoë koste en die skaarste aan beoordelaars.

Die Konferensie en Kongres is elke jaar die hoogtepunt op baie dames se kalenders. Area 3 het baie talentvolle en bekwame dames. Mag Area 3 elke jaar net van krag tot krag gaan.

Ons is ook vanoggend baie bevoorreg om 3 geslagte van VVLU vroue by ons te verwelkom. Ouma Annatjie van der Westhuisen, ma Sujani Dorfling en jongste Area 3 VLU lid, Hanelé Dorfling, 15 jaar oud. Welgedaan dames!